

Sing vooraf staande: Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 2 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

Gebed

Psalm 4:3, 4 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!
- 4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede / en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede, / U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Skriflesing: 1 Samuel 15:1-35

Kernverse: 1 Samuel 15:22-23

Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

(1 Samuel 15:22-23 AFR53)

Tema: Die vermetelheid van die mens ken nie grense nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die meeste van ons het grootgeword in 'n tyd toe die grootmense gesê het: Kinders word gesien en nie gehoor nie. Kinders het ook nie in grootmense se geselskap gesit nie, want dan is daar vir hulle gevra of hulle tande wil tel. En 'n kind wat terugpraat of parmantig was, is sommer op die plek reggesien.

Daar is nog maar min kinders wat so grootgemaak word. Oor die algemeen kry 'n mens met kinders te doen vir wie dit normaal geword het om terug te praat met hulle ouers en selfs onbeskof te wees teenoor hulle. Die gesag van ouers word deur die kinders uitgedaag en die optrede van kinders grens aan vermetelheid.

Wanneer kinders so teenoor hulle ouers optree, skud ons die kop in verontwaardiging. Het kinders dan nie meer respek vir hulle ouers nie? Kinders wat vermetel en parmantig is teenoor hulle ouers is vir ons erg. Maar het ons al daaraan gedink dat ons as mense ook teenoor die Here, die almagtige en heilige God, parmantig en vermetel kan raak. Miskien frons jy as jy dit hoor en vra: Kan dit werklik waar wees? 'n Mens wat nie sy plek voor die Here ken nie? 'n Mens wat nie respek vir God het nie? Selfs ons kinders sal sê: Maar dit mag mos nie gebeur nie!

Ja, dit is waar, 'n mens mag nie voor op die wa wees teenoor die Here nie. Hy is immers almagtig en heilig en regverdig. Ons durf ons nie teen Hom te verhef of te maak of ons beter as Hy weet nie. Hy is heilig en ons is sondig. Ons behoort eerbied en respek en ontsag vir Hom te hê. Ons is immers vir elke bietjie asem van Hom afhanklik. En tog, hoe ondenkbaar dit ook al mag klink, kan die mens in sy sonde so blind en verhard word dat hy kan maak asof die Here sy speelmaat is met wie hy kan maak soos wat hy wil. En dan is dit nie iemand wat niks van die Here weet wat so maak nie.

Broers, susters en kinders, ons praat van die vermete optrede van iemand wat weet wie die Here is. Dit is iemand met wie die Here sy verbond bevestig het omdat hy ook besny is. Dit is Saul van wie ons praat. Saul, die man wat geweet het dat die Here nie sy ondergang in die oog gehad het, maar eerder dat hy hom sal bekeer en bly lewe. Die Here het aan hom alles gedoen wat nodig is sodat hy in 'n lewende verhouding met die Here kon lewe. Maar hy wou nie. Selfs nadat hy daardie groot misstap begaan het in sy tweede regeringsjaar as koning, waarvan ons in 1 Samuel 13 gelees het, het die Here hom nog 'n geleentheid gegee om homself as 'n gehoorsame dienskneg van die Here te betoon. Maar hy wou nie die oppergesag van God oor hom erken nie.

Verlede Sondag het ons in die eerste sestien verse van ons hoofstuk agtergekom dat ons Here nie ongevoelig en hard is nie. In woorde wat vir ons mense verstaanbaar is, sê die Here wat Saul se ongehoorsaamheid aan Hom gedoen het. Dit maak Hom hartseer, want Hy verlekter Hom nooit in die ondergang van die mens nie – die mens is immers sy skepsel. Ons mense is egter maklik geneig om hierdie barmhartigheid en liefde van die Here te gebruik en af te speel teenoor sy heiligheid en regverdigheid. Ons maak so asof die Here se liefde en genade sy regverdigheid en heiligheid kan kanselleer. Dit is ons almal se geaardheid om so te maak, daarom is hierdie geaardheid van die mense ook in die derde vraag en antwoord in Sondag 4 van ons Heidelbergse Kategismus opgeneem.

Jy kan nou vra: Het Saul dan ook die Here se goedheid en sy heiligheid teen mekaar probeer afspeel? Of dit Saul se bedoeling was, sal 'n mens nie met sekerheid kan sê nie. Maar kyk tog wat word duidelik by Saul wanneer Samuel hom daardie oggend by Gilgal ontmoet.

In Saul se eie oë het hy nie gesondig nie. Met oorgawe groet hy vir Samuel:

Mag u geseënd wees deur die HERE: ek het die woord van die HERE uitgevoer .
(1 Samuel 15:13 AFR53)

Saul is so seker van homself, so oortuig dat hy die Here regtig gehoorsaam het dat hy eintlik blind is vir die omstandighede waarin hy homself bevind. Trots oor wat hy vermag het, het hy homself so oortuig dat hy reg opgetree het, dat hy selfs die Verbondsnaam van die Here op sy lippe neem asof hy regtig in 'n lewende verhouding met die Here leef deurdat hy die Here se verbondseis om gehoorsaam te wees, nagekom het.

Trots het tot selfbedrog gelei wat Saul so mislei het dat hy regtig geglo het wat hy aan Samuel sê. Nie eers die geblêr van die skape en die gebulk van die beeste agter hom kon hom uit hierdie wanopvatting losruk nie. Saul se trots het hom blind en doof vir die werklikheid gemaak.

In 'n poging om Saul uit hierdie droomwêreld wakker te skud, vra Samuel uit oor die diere wat hy sien en hoor. Is dit miskien van die diere wat julle moes doodmaak, Saul? Die Here kom nie met weerligstrale op Saul af nie. Samuel beskuldig Saul nog nie van ongehoorsaamheid en sonde nie. Saul word die geleentheid gegee om self sy skuld raak te sien en te bely.

In plaas daarvan dat Saul se oë en hart oopgaan om te sien dat die Here hom tot oorgawe aan die Here wil lei en die Here se oppergesag oor hom erken, strompel Saul voort in die duisternis van sy leuens in. Oor die diere wat agter Saul aan die rondtrap is, word die manskappe alleen verantwoordelik gehou.

Hulle het dit van die Amalekiete af gebring. (1 Samuel 15:15 AFR83)

Saul sê dit so asof hy niks daarmee te doen het nie en hy gee ook te kenne dit is die diere van die Amalekiete.

Verder wys Saul vir Samuel op die goeie kwaliteit van die diere – **dit is die mooiste kleinvee en grootvee** (1 Samuel 15:15 AFR83). Met hierdie woorde probeer Saul vir Samuel in sy leuenwêreld intrek. En hy voeg nog 'n rede daaraan toe oor hoekom die diere nie klaar doodgemaak is nie. Die manskappe het die diere gebring **om aan die Here u God te offer** (1 Samuel 15:15 AFR83). Oppervlakkig is dit 'n mooi en prysenswaardige ding wat die manskappe gedoen het; Saul sê mos die diere is vir die Here. Maar in sy woorde formuleer Saul die klagte teen hom. Samuel, die diere is hier om aan die Here u God te offer. Saul distansieer homself van die Here deur van u God te praat. Die Here is nie vir Saul ook sy God nie. Saul se trots het gemaak dat hy nou sy eie god is.

Dit is maar in die laaste plek wat Saul sê dat hulle die res van die diere van die Amalekiete doodgemaak het en dan sluit hy homself weer in – **die res het ons van kant gemaak** (1 Samuel 15:15 AFR83).

Samuel sien egter dwarsdeur hierdie rookskerm van Saul. Daarom maak hy vir Saul stil om aan hom te sê wat die Here aan hom geopenbaar het. Samuel gebruik weer die Verbondsnaam van die Here. Saul moet nog steeds besef dat dit oor 'n verhouding gaan waarin die Here wil hê hy moet lewe, maar wat hy met minagting hanteer.

Wanneer Samuel dan verder gaan, begin hy by Saul se beginjare as koning in Israel. Saul het homself destyds minderwaardig geag om koning te word in Israel (1 Samuel 9:21) en die dag toe hy voor die volk aangewys is as hulle koning, het hy weggekruip (1 Samuel 10:22-23). Alhoewel hy homself so klein gesien het, is hy tog die hoof van die stamme van Israel omdat die Here hom as koning oor Israel gesalf het. Jy mag klein gewees het in jou eie oë Saul, maar die Here het jou gekies en die verantwoordelikheid gegee om sy volk te lei. Jy het immers in die verlede ondervind hoe die Here jou met sy Gees bemagtig om in sy diens met vrug werksaam te wees.

Nou het die Here aan jou 'n besondere opdrag gegee:

En die HERE het jou op die pad gestuur en gesê: Gaan heen en tref die sondaars, die Amalekiete, met die banvloek en veg teen hulle totdat hulle vernietig is.

(1 Samuel 15:18 AFR53)

Saul, toe jy klein was in jou eie oë het jy die Here erken as jou Opperbevelvoerder. Die Here is steeds jou Opperbevelvoerder en Hy het vir jou die opdrag gegee – Hy het jou op die pad gestuur, gesê: Gaan heen, tref die sondaars met die banvloek, veg teen hulle totdat hulle vernietig is.

Nou kom die uiteindelik konfrontasie waarin Saul se skuld blootgelê word:

Waarom het jy nie geluister na die stem van die HERE nie? Waarom het jy op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE?

(1 Samuel 15:19 AFR53).

Saul het nie geluister nie en hy het hom vergryp aan die goed wat aan die Here alleen behoort. Maar is dit die eintlike sonde in Saul se hart? As hy vroeër klein was in sy eie oë, hoe sien hy homself dan nou? Sien hy homself as groot en magtig en verhewe? Sonde begin immers in die hart van die mens. Dit gaan oor 'n gesindheid wat uiteindelik duidelik word in die optrede. Die feit dat alles nie doodgemaak is nie, is die gevolg daarvan dat Saul nie geluister het nie, en die feit dat hy nie geluister het nie, is die gevolg van die gesindheid in sy hart. Wat is hierdie gesindheid?

In sy antwoord wil Saul te kenne gee dat hy na die stem van die Here geluister het. Hy sê dat hy gegaan het op die pad wat die Here hom gestuur het. Uit die res van sy antwoord hoor 'n mens dat Saul nie presies op dieselfde pad gegaan het as wat die Here hom gestuur het nie. Die pad waarop die Here vir Saul gestuur het, het die volgende eindbestemming: Al die Amalekiete, koning Agag ingesluit, ou mense, grootmense, kinders en babatjies, moes deur Saul doodgemaak word. Al die diere, die beste en naasbeste kleinvee en grootvee ook, elke bees, skaap, kameel en donkie, moes doodgemaak word. Die eindbestemming van Saul se pad was dat koning Agag van Amalek nou saam met Saul daar voor Samuel staan, maar al die ander mense het hy met die banvloek getref. Saul erken dat hy vir Agag gebring het so asof Agag nie 'n Amalekiet is nie. Dat Saul 'n leuen vertel oor die dood van al die Amalekiete word later in die geskiedenis duidelik. Dawid moes nog teen die Amalekiete oorlog voer (1 Samuel 27:8). Maar wat Saul in sy sondeblindheid nie voorsien het nie is dat daar selfs 'n leuen vertel en deur sommige geglo sou word dat 'n Amalekiet hom uiteindelik om die lewe gebring het (2 Samuel 1:8-10).

Dit is die moeilikheid wanneer ons nie met die sonde doen wat die Here vir ons sê nie. Sonde het die geaardheid om 'n mens nader te lok met baie mooi beloftes. En dan is dit juis daardie einste sonde wat jou later van agter af bykom. Saul se ongehoorsaamheid hier het hom sy lewe op die ou end gekos.

Van die diere wat gespaar is, verontskuldig Saul hom weer 'n keer. Dit is nie hy nie, maar die manskappe wat van die buit van die kleinvee en beeste geneem het. Hy wys weer op die kwaliteit van die diere en erken in dieselfde asem dat hulle eintlik nie daar moes wees nie, want dit is bangoed – dit behoort aan die Here en moes doodgemaak word. Maar dan probeer hy weer die manskappe se optrede regverdig deur daarop te wys dat die diere in elk geval doodgemaak gaan word, want hulle gaan die diere aan die Here u God offer. Vir die tweede keer word dit uit Saul se woorde duidelik dat die Here nie meer sy God is nie. Die afstand tussen hom en die Here is so groot dat hy nie meer die Here as sy God kan aanspreek nie. Dit bring mee dat Saul 'n verkeerde persepsie van die Here het. Jy kan maar met die Here maak soos wat jy wil, so asof die Here soos 'n kind van 'n grootmens afhanklik is om gepaai te word. Heilige ontsag vir die Here bestaan nie meer vir Saul nie.

In 'n profetiese uitspraak maak Samuel duidelik hoe ernstig Saul se verkeerde gesindheid in werklikheid is. Hy begin die uitspraak met 'n vraag:

Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? (1 Samuel 15:22 AFR53)

Met hierdie vraag word dit wat Saul doen in die kollig gestel. Verkies die Here brandoffers en slagoffers bo gehoorsaamheid aan sy stem? Het die bring van offers meer waarde as om 'n uitdruklike bevel van die Here te gehoorsaam?

Die veronderstelde antwoord is NEE. En dit is wat Samuel dan ook in die opvolg van die uitspraak sê:

Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. (1 Samuel 15:22 AFR53)

Alhoewel slagoffers en die vet van ramme groot waarde het, kan dit nie in die plek van gehoorsaamheid aan die Here gestel word nie. Indien 'n mens die twee sake teenoor mekaar wil stel, gee jy inderwaarheid daarmee te kenne dat wat die Here op die een plek in sy woord sê iets wat Hy op 'n ander plek sê, weerspreek. Is die Here 'n God wat uit twee monde praat? Nee, Hy is die God van waarheid. Indien die absurditeit waar sou wees dat die Here Hom weerspreek soos wat Saul te kenne wou gee, sou dit vir die gelowige onmoontlik wees om op die Here te vertrou. Jy sou nie elke oomblik seker kon wees dat jy weet wat die Here van jou verwag nie.

'n Verdere gevolg daarvan om offers bo die gehoorsaamheid aan die Here se stem te stel, is dat 'n mens die offers losmaak van die Here as 'n soort van hefboom in die hand van die mens. Die Here het immers die offers gegee as deel van sy verhouding met sy volk en as onderrig vir sy volk in hulle verhouding met Hom. Deur die bring van die offers het die Here aan die mens wat met 'n opregte hart tot Hom nader die versekering gegee dat sy sonde vergewe is op grond van die vergieting van die bloed. Maar as onderrig het die volk ook geleer, soos wat die Hebreërprediker dit uitlig, dat die offers die volk moes laat verlang het na 'n beter offer wat die sondes inderdaad vir eens en vir altyd van die mens wegwas.

Gebruik 'n mens egter die offers as hefboom teenoor die Here dan het die mens die gedagte dat hy met die offers die Here kan oortuig om hom as mens te aanvaar of om die Here te paai of selfs om te dink dat jy met die rook van die offers wat opstyg die Here kan verblind sodat Hy nie die onreg raaksien wat jy in elk geval agter die offers probeer wegsteek nie. Met so 'n optrede probeer 'n mens die Here vir die gek hou. Kan jy jou so iets indink? 'n Mens wat maar 'n skepsel is van die lewende God en hy probeer om die lewende, almagtige, heilige God om die bos te lei en speletjies met Hom te speel.

Die Heilige Gees het juis vir Dawid gelei om hieroor te skryf. Offers wat die mens bring kan nie die sonde van die mens voor die oë van die Here wegneem nie. As dit die geval sou wees, sou Dawid offers gebring het. Wat die Here van die mens verwag, is verootmoediging. En dan spreek Dawid sy vertroue in die Here uit:

U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God. (Psalm 51:19 AFR83)

Broers, susters en kinders, geen offer wat ek of jy vir die Here bring, hoe lofwaardig daardie offer ook al is, kan ons verhouding met God regmaak nie. Meer Bybel lees, langer gebede, meer kere in die eredienste, groter liefde vir ons naaste, niks van hierdie goed gaan my en jou sonde voor die oë van die Here kan wegwas nie. Slegs die bloedoffer van Jesus Christus word deur die Vader vir sondes aanvaar. Daarom kan ons verhouding met God die Vader slegs deur Jesus Christus weer regkom. Ons moenie ons sondes met allerhande offers probeer wegsteek vir die Here nie. Sy oë brand nie van die rookskerms wat ons maak nie. Hy sien dwarsdeur die rook. Mag die Heilige Gees ons eerder aanhoudend by die besef hou dat ons God heilig en almagtig is. Ek moet my plek voor Hom ken. Hy wil nie hê ons moet bang wees vir Hom nie, maar ons moet ontsag en eerbied vir Hom hê.

Wie nie meer ontsag en eerbied vir God het nie en begin dink hy kan die Here vir die gek hou, moet luister wat die Heilige Gees vir Saul gesê het:

Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. (1 Samuel 15:23 AFR53)

Met hierdie woorde lê Samuel die gesindheid van Saul se hart bloot. Saul is wederstrewig en eiesinnig. Saul is 'n rebel teen die Here en hierdie opstandigheid is net so erg soos waarsêery. Met sy rebellie poog Saul en dink hy dat hy die afloop van sake kan beheer soos wat 'n waarsêer probeer doen. Dit grens aan die okkulte, want Saul het gedink dat hy die Here kan manipuleer en beter weet wat die Here wil hê as wat die Here self gesê het. Met sy eiesinnigheid het Saul homself in die plek van God geplaas en dit is dieselfde as afgodery. Saul is inderdaad sy eie god en nie meer die Here nie.

Aangesien Saul nie meer die oppergesag van die Here oor hom erken nie, want hy het God se woord verwerp, verwerp die Here hom as koning. Die koning in Israel moet so in die weë van die Here volg dat die volk agter hom aan die Here kan volg. Saul loop nie op dieselfde pad as die Here nie, daarom kan hy nie meer regeerder in Israel wees nie.

In 1 Samuel 13 het die Here die koningskap uit Saul se familie uit weggevat. Nou het die Here die koningskap uit Saul se hande uit weggevat. Maar dit sou nog 'n aantal jare duur voordat die Here die koningskap heeltemal uit Saul se klemmende hande uitgewring het. Want soos wat hy Samuel se mantel gegryp en vasgeklou het, so het hy aan die koningskap vasgeklou.

Geliefdes, Saul se koningskap het inderdaad tragies verloop, nie omdat die Here dit so wou gehad het nie, maar omdat hy dit self so gekies het. Mag die Heilige Gees sy vrug in ons laat groei sodat ons waarlik in nederigheid voor die heilige God sal lewe. Laat ons eerbied betoon aan die Here deur sy oppergesag oor ons voluit te erken.

Amen!

Slotgebed

Psalm 2:5, 6 (p. 7)

- 5 “Die trotsaards sal U met u ysterstaf / soos erdepotte slaan tot gruis en skerf;
U sal, as eers u hand ontwaak tot straf, / hul opstandslus tot in die grond verderf.”
O konings, graag gehuldig en geëer – / laat nooit u hoogheid Gods Gesalfde hoon!
O regters, wat oortreders regstug leer, / aanvaar die tug wat u sy liefde toon.
- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'tlik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Julie 2013